# 24 Februarie 2020 - Lesing 1 - Innerlike Eindtyd-Waarheid in die Boek Daniël

### Verse uit die Boekrol van Daniël

**Dan 2:28** Maar daar is 'n Elohey in die Hemele wat geheime openbaar, en HY het koning Nebukadnésar bekend gemaak **wat aan die einde van die dae sal gebeur.** U droom en die gesigte van u hoof op u bed was dit:

*Dan_9:24 Sewentig sewetalle is oor **jou volk** en oor **jou Stad van Apartheid** bepaal, om die opstandigheid te voleindig en die oortredinge te beseël en om die maat vol te maak en om die ongeregtigheid te versoen en om ewige Geregtigheid aan te bring en om gesig en profeet te beseël en **om wat Apartheid van Aparthede is, te salf**.*

*Dan_10:14 Ek het dan gekom om jou inligting te gee oor wat **jou volk aan die einde van die dae te beurt sal** val, want die gesig sien nog op die **verre toekoms**.*

*Dan_11:14 En in dié tye sal baie teen die koning van die Suide opstaan, en die gewelddadige burgers **van jou volk** sal hulle verhef om 'n gesig in vervulling te laat gaan, maar hulle sal omkom.*

*Dan_12:1 EN in dié tyd sal MikaEl, die groot vors wat oor die kinders van **jou volk** staan, optree; en dit sal 'n tyd van benoudheid wees soos daar nie gewees het vandat 'n volk bestaan het tot op dié tyd nie; maar in dié tyd sal **jou nasie gered word, elkeen wat in die Boekrol opgeskrywe staan**. [Boekrol van Henog 20:5]*

Dan 2:31 U, o koning, het 'n gesig gehad - **kyk, daar was 'n groot beeld;** hierdie beeld was hoog, en sy helderheid was buitengewoon; hy het voor u gestaan en sy voorkoms was skrikwekkend.

Dan 2:32 Wat die beeld betref,

1. sy **hoof** was van suiwer **goud**,
2. sy **bors en sy arms** van **silwer**,
3. **sy buik en sy lendene** van **brons**, [Boekrol van Henog 52:2; Hoséa 13:2]
4. Dan 2:33 sy **bene** van **yster**,
5. sy **voete** gedeeltelik van **yster** en gedeeltelik van **klei**.

Dan 2:34 U het gekyk totdat daar **sonder toedoen van [mense]hande 'n klip losraak** wat die beeld getref het **aan sy voete van yster en van klei** en hom fyn gestamp het. [JeshaJaH 44:8]

Dan 2:35 **Toe is tegelykertyd die yster, die klei, die brons, die silwer en die goud fyn gestamp**, en hy het soos kaf geword van die dorsvloere in die somer, wat die wind wegneem, sodat daar geen spoor van gevind is nie; **maar die klip wat die beeld getref het, het 'n groot rots geword wat die hele Aarde gevul het.**

*1Pe 2:4 Kom na Haar toe, **die Lewende Steen** wat deur die adamiete wel verwerp is, maar by Elohim uitverkore en kosbaar is; [Psalm 118:22]*

*1Pe 2:5 en laat julle ook soos **lewende stene** opbou, tot 'n **geestelike Huis**, 'n priesterdom van Apartheid, om geestelike aanbiedinge te bring wat aan Elohim welgevallig is deur JaHWèshua die Gesalfde.*

*1Pe 2:6 Daarom staan dit ook in die Skrif: Kyk, **EK lê in Sion 'n Grondsteen**, ['n beproefde Klip,] 'n kosbare Hoek [steen wat 'n vaste fondament is,] hy wat vertrou, sal nie haastig wees nie. [JeshaJaH 28:16]*

*1Pe 2:7 Vir julle dan wat glo, is Sy kosbaar; maar vir die ongelowiges geld die Woord: Die Klip wat die bouers verwerp het, **Sy het 'n Hoeksteen geword**; [Psalm 118:22] en: 'n Klip van aanstoot en 'n Rots van struikeling – [JeshaJaH 8:14]*

*1Pe 2:8 vir dié wat hulle teen Haar stamp, omdat hulle aan die Woord ongehoorsaam is, waarvoor hulle ook bestem is. [JeshaJaH 8:14]*

*1Pe 2:9 **Maar julle is 'n uitverkore saadlyn, 'n koninklike priesterdom, 'n apartgestelde nasie. 'n Volk as eiendom verkry,** om te verkondig die voortreflikheid van Hom wat julle uit die Duisternis geroep het tot Sy wonderbare Lig, [Exodus 19:6]*

*1Pe 2:10 julle wat vroeër geen volk was nie, **maar nou die volk van Elohim is**; aan wie toe geen Barmhartigheid bewys is nie, maar nou bewys is. [2 Ezra 1:35, 37; Hoséa 1:6-9]*



## 25 Februarie 2020 - Lesing 2 - Innerlike Eindtyd-Waarheid in die Boek Daniël

### Verse uit die Boekrol van Daniël


Dan 2:36 Dit is die droom; sy **uitlegging** sal ons nou voor die koning sê:
Dan 2:37 U, o koning, koning van die konings, aan wie die Elohey van die Hemele die koningskap, krag en sterkte en eer verleen het,
Dan 2:38 en in wie se hand HY in die hele bewoonde wêreld, die seun van adam, die wilde wesens van die veld en die vlieënde wesens in die lug gegee het, sodat HY u as vors oor hulle almal aangestel het - **ú is die hoof van goud.**
Dan 2:39 En ná u sal daar 'n **ander** koninkryk opstaan, geringer as dié van u; daarna 'n ander, 'n **derde** koninkryk, van brons, wat oor die hele Aarde sal heers;
Dan 2:40 en die vierde koninkryk sal hard wees soos yster, juis omdat yster alles fyn stamp en verpletter; en soos die yster wat vergruis, sal hy dit alles fyn stamp en vergruis.
Dan 2:41 En dat die **voete en die tone**, soos u gesien het, deels van pottebakkersklei en deels van yster was - sy sal 'n verdeelde koninkryk wees, en van die **hardheid van die yster** sal in haar wees, omdat u die yster met kleigrond gemeng gesien het.
Dan 2:42 En dat die **tone van die voete** deels van yster en deels van klei is - 'n gedeelte van die koninkryk sal **hard en 'n gedeelte sal bros wees**.
Dan 2:43 Dat u die yster gemeng met kleigrond gesien het - **hulle saad sal deur menslike gemeenskap onder mekaar vermeng raak**, maar hulle sal nie aanmekaar vasklewe nie, net soos yster nie met klei meng nie.
Dan 2:44 Maar in die dae van dié konings sal die Elohey van die Hemele **'n Koninkryk verwek** wat in ewigheid nie vernietig sal word nie, en die heerskappy van Haar sal aan geen ander volk oorgelaat word nie; **Sy sal al daardie koninkryke verbrysel** en daar 'n einde aan maak, maar **self sal Sy vir ewig bestaan** - [DaniEl 6:26]
Dan 2:45 net soos u gesien het dat sonder toedoen van [mense]hande 'n klip van die berg af losgeraak het wat die yster, die brons, die klei, die silwer en die goud verbrysel het. **Die grote Elohey het aan die koning bekend gemaak wat hierna sal gebeur**; en die droom is waar en sy uitlegging betroubaar. [Boekrol van Henog 52:2; DaniEl 8:25]

***Jeremia 31:27*** *Kyk, daar kom dae, spreek JaHWeH dat Ek die huis van JisraEl en die huis van JeHûWdah sal besaai met* ***saad van adamiete en van wilde wesens****. [Boekrol van Henog 89:56]*
***Exodus 20:14*** *Jy mag nie vermeng nie.*

***Joshua 5:11*** *En hulle het die dag ná die Pasga van die* ***gestoorde graan*** *van die Aarde geëet: ongesuurde brode en droog gebraaide koring, daardie selfde dag.*
***Jos 5:12*** *En die dag nadat hulle van die gestoorde graan van die Aarde geëet het,* ***het die manna opgehou****, sodat die kinders van JisraEl verder geen manna gehad het nie; maar hulle het geëet van die* ***produkte van die Aarde van Kanaän*** *in daardie jaar.*

### DIE GILGAL VERBOND

My verbond met julle is die volgende:
Ek, as Vader van alles, rig My verbond op met die geseëndes in Liefdeskrag, My reine blom, wat haar knie nie voor Baäl gebuig het nie. Julle is My pilaar, My vesting vir My volk. Julle sal julle lewens aflê vir hulle wie My moet dien in die woestyn. Julle sal hulle uitlei en bring in die land Kanaän as julle My take noukeurig sal opvolg. Ek wil hê dat julle monument vir ewig sal staan en so is My ewige verbond met julle gesluit om vir julle 'n Man te wees en julle, saam met julle susters, Judah en IsraEl, My ewige bruid wie Ek sal verlos in die nag wat kom en wat alreeds saamgepak het oor julle, My Lig op aarde. Dit is My verbond: Verlossing.



## Daniël 3

1 KONING Nebukadnésar het 'n **beeld van goud** gemaak; sy hoogte was **sestig** voorarm, sy breedte **ses** voorarm; hy het hom opgerig in die dal Dura, in die provinsie **Babel**. [Miga 4:10]

***Miga 4:10*** *Krimp inmekaar en bring voort, o Dogter van Sion, soos Een wat baar! Want nou sal Jy die Stad verlaat en op die veld gaan woon; en **Jy sal in Babel aankom** - dáár sal Jy gered word, dáár sal JaHWeH Jou verlos uit die handpalms van Jou vyande. [DaniEl 3:1; 4:30]*

Dan 3:4 En 'n uitroeper het hardop geroep: Julle word aangesê, o volke, nasies en tale,

Dan 3:5 sodra julle die geluid hoor van horing, fluit, siter, luit, harp, doedelsak en van allerhande musiekinstrumente, **moet julle neerval en uitstrek vir die goue beeld wat koning Nebukadnésar opgerig het**.

Dan 3:6 En hy wat nie neerval en uitstrek nie, sal op die daad binne-in die **brandende vuuroond** gegooi word.

Dan 3:12 Daar is manne van JeHûWdah wat u oor die bestuur van die provinsie Babel aangestel het, **Sadrag, Mesag en Abednégo;** hierdie manne het hulle, o koning, aan u nie gesteur nie; hulle dien jou elohey nie en **hulle strek nie uit vir die goue beeld wat u opgerig het nie.**

Dan 3:16 Sadrag, Mesag en Abednégo het geantwoord en aan koning Nebukadnésar gesê: Ons ag dit nie nodig om u hierop 'n antwoord te gee nie.

Dan 3:17 As onse Elohey wat ons dien, in staat is om ons te verlos, dan sal Hy ons uit die brandende vuuroond en uit u hand, o koning, verlos;

Dan 3:18 maar so nie, laat dit u dan bekend wees, o koning, **dat ons jou godinne nie sal dien nie en nie sal uitstrek vir die goue beeld wat u opgerig het nie**.

Dan 3:19 Toe het Nebukadnésar baie woedend geword en sy gelaatstrekke het verander teenoor Sadrag(GanánJaH), Mesag (MisaEl) en Abednégo (AzarJaH); as antwoord het hy bevel gegee om die oond sewe maal warmer te maak as wat eintlik nodig was.

Dan 3:20 En aan sommige van die sterkste manne wat in sy leër was, het hy bevel gegee om Sadrag, Mesag en Abednégo te boei, **om [hulle] in die brandende vuuroond te gooi.**

Dan 3:21 Toe is daardie manne geboei met hulle mantels, hulle broeke en hulle tulbande en hulle [ander] klere aan, en hulle is binne-in die brandende vuuroond gegooi. [Exodus 28:36, ZekarJaH 3:5]

Dan 3:22 Omdat dan nou die woord van die koning streng en die oond uitermate verhit was, het die vlam van die vuur daardie manne wat Sadrag, Mesag en Abednégo opgeneem het, doodgebrand.

Dan 3:23 Maar daardie drie manne, Sadrag, Mesag en Abednégo, **het geboeid binne-in die brandende vuuroond geval**.

Dan 3:24 EN hulle het in die middel van die vuur gewandel terwyl hulle die lof van Elohim besing en JaHWeH geprys het.

Dan 3:25 Toe het AsarJaH opgestaan en soos volg gebid; binne-in die vuur het hy sy mond oopgemaak en gesê:

Dan 3:26 Geseënd is U, o JaHWeH, U die Elohey van ons vaders, en werd om geloof te word! **En [mag] U Naam in ewigheid verhoog word!**

Dan 3:27 Want U is Reg in alles wat U gedoen het, en al U werke is getrou en U Weë opreg, **en al U oordele waaragtig.**

Dan 3:28 In al die dinge wat U oor **ons en oor die Stad van Apartheid van ons vaders, Jerusalem**, gebring het, het U [ons] **na Waarheid geoordeel**; want volgens Waarheid en Reg het U al hierdie dinge vanweë ons oortredinge oor ons gebring.

Dan 3:29 Want ons het oortree en het verkeerd gehandel deur van U af te wyk;

Dan 3:30 ja, in alle dinge het ons gruwelik oortree, want ons het **na U Gebooie nie geluister en hulle ook nie onderhou nie**, en ons het nie gedoen wat U ons beveel het om te doen sodat dit met ons goed kon gaan nie.

Dan 3:31 Alles wat U oor ons laat kom het en alles wat U ons aangedoen het, het U **in Geregtigheid** gedoen.

Dan 3:32 U het ons oorgegee in die hande van **wettelose vyande** en van die **mees veragtelike opstandelinge** en aan 'n **roekelose koning**, **die mees wettelose in die hele wêreld.**

Dan 3:33 Tog durf ons ons mond nie oopmaak nie; **smaad en skande het die deel geword van U knegte en van hulle wat U aanbid**.

Dan 3:34 Moet ons ter wille van U Naam nie tot vernietiging oorgee en **verbreek tog nie U Verbond nie.**

Dan 3:35 En moenie U Barmhartigheid aan ons onttrek nie, ter wille van Abraham wat U liefgehad het, en ter wille van Isak, U kneg, en ter wille van JisraEl, U aparte, [Génesis 17:1]

Dan 3:36 aan wie U beloof het dat U hulle nageslag sou vermeerder soos die Sterre van die Hemele en soos die sand wat op die seestrand is.

Dan 3:37 **Want ons, o JaHWeH, het minder geword as al die nasies, en ons is oor die hele Aarde op hierdie dag verneder vanweë ons oortredinge**.

Dan 3:38 Ook het ons in hierdie tyd geen **vors of profeet of leidsman nie**; ook nie brandoffer of slagoffer of spysbydrae of reukwerk nie; ook **nie 'n plek** waar ons U ons Slagdier kan aanbied en Barmhartigheid kan vind nie.

Dan 3:39 Maar mag ons aanneemlik [voor U] wees op grond van 'n **berouvolle hart en 'n ootmoedige gees**,

Dan 3:41 En nou volg ons U **met ons hele hart** en ons vrees U en soek U Aangesig.

Dan 3:42 Laat ons nie beskaam staan nie, maar handel met ons na U **goedgunstigheid** en volgens die grootheid van U **Ontferming**.

Dan 3:43 Verlos ons dan volgens U **wonderdade**, en **verhoog U Naam**, o JaHWeH!

Dan 3:44 En laat almal wat U diensknegte leed aangedoen het, **beskaam** word; laat hulle tot **skande** word en laat hulle al hul **heerskappy en mag verloor**, en hulle **krag verbreek** word.

Dan 3:45 En laat hulle gewaarword dat U alleen JaHWeH onse Elohey is, verhoog oor die ganse Aarde!

Dan 3:46 Intussen het die knegte van die koning wat hulle daarin gewerp het, **nie opgehou** om die oond met hars, pik, tou en klein stukkies hout te verhit nie.

Dan 3:47 En die vlam het nege-en-veertig voorarm bo die oond uitgeslaan.

Dan 3:48 En hy het versprei en die Chaldeërs wat rondom die oond was, **verbrand**.

Dan 3:49 Maar die **Boodskapper/Engel van JaHWeH** het neergedaal en Hom by AsarJaH en sy metgeselle in die oond gevoeg, en Hy het die vlam van die vuur uit die oond uit verdryf,

***Joshua 5:13*** *En terwyl JeHôWshua by Jérigo was, slaan hy sy oë op en kyk, en daar staan 'n* ***Man teenoor hom met 'n ontblote swaard in Sy Hand****; en JeHôWshua het na Hom gegaan en Hom gevra: Behoort U by ons of by ons vyande? [DaniEl 10:5]*

*14 En Hy sê: Nee, maar* ***Ek is die Leërowerste van JaHWeH; <u>Ek het nou gekom</u>.*** *......*

Dan 3:50 en het die middel van die oond gemaak asof ‘n **vogtige wind** daardeur geruis het, en die vuur het hulle hoegenaamd nie aangeraak en hulle ook geen leed aangedoen of bekommernis veroorsaak nie. [1 Konings 19:11]

***1Konings 19:12*** *En ná die aardbewing 'n vuur; in die vuur was JaHWeH nie. En ná die vuur die gesuis van 'n* ***sagte koelte. (****MOEDERTROOSTER****)***

***Maleagi 4:5*** *Kyk, Ek stuur julle die* ***profeet EliJaH****[ûW] (MOEDERTROOSTER) voordat die groot en ontsagwekkende dag van JaHWeH aanbreek.*

*6 En hy sal die* ***hart van die vaders*** *terugbring tot die kinders, en die* ***hart van die kinders*** *tot hulle vaders, sodat Ek nie hoef te kom en die Aarde met die banvloek tref nie. [Wysheid van Sirah 48:10]*

Dan 3:51 Toe het die drie [manne] in die oond as uit een mond Elohim geprys, verhoog, geloof en gesê:

Dan 3:52 Geseënd is U, JaHWeH, die Elohey van ons vaders, geprese en hoog verhewe tot in ewigheid! En geseënd is U **glansryke en verhewe Naam**, en grootliks geprese en hoog verhewe tot in ewigheid.

Dan 3:53 Geseënd is U **in die Tempel** van U aparte Glansrykheid, hoog geprese en grootliks verhoog tot in ewigheid.

Dan 3:54 Geseënd is U wat die dieptes deurskou en op Gerubs sit, geprese en hoog verhewe tot in ewigheid.

Dan 3:55 Geseënd is U op die Troon van U koninkryk, grootliks geprese en hoog verhewe tot in ewigheid....

Dan 3:89 Loof dan JaHWeH, want Hy is goed, want Sy goedgunstigheid duur tot in ewigheid.

Dan 3:90 Loof die **Elohey van die Elohim**, o almal wat JaHWeH dien, sing sy lof en dank Hom, want sy goedgunstigheid duur tot in ewigheid!

Dan 3:91 {24} Toe het koning Nebukadnésar verskrik geword en haastig opgestaan; hy het sy raadsmanne toegespreek en gesê: Het ons nie drie manne geboeid binne-in die vuur gegooi nie? Hulle antwoord en sê aan die koning: Sekerlik, o koning!

Dan 3:92 {25} Hy antwoord en sê: Kyk, ek sien vier manne los binne-in die vuur wandel sonder dat daar 'n letsel aan hulle is; **en die voorkoms van die vierde lyk soos dié van 'n Seun van Elohim**.

Dan 3:93 {26} Toe het Nebukadnésar nader gekom na die opening van die brandende vuuroond en daarop gesê: Sadrag, Mesag en Abednégo, knegte van die **Hoogste Eloah**, gaan uit en kom hier! Toe het Sadrag, Mesag en Abednégo **uit die vuuroond uitgegaan**.

Dan 3:94 {27} Daarop het die landvoogde, die bevelhebbers en die goewerneurs en die raadsmanne van die koning vergader en aan daardie manne gesien dat die vuur **geen mag oor hulle liggame** gehad en die hare van hulle hoof nie geskroei het nie, en dat hulle mantels geen verandering ondergaan en die reuk van die vuur nie aan hulle gekom het nie.

Dan 3:95 {28} Daarop het Nebukadnésar gespreek en gesê: **Geseënd [is] hulle Elohey**, die van Sadrag, Mesag en Abednégo, wat **Sy Boodskapper** (Elia) gestuur en Sy knegte verlos het, wat hulle op Hom verlaat het en die bevel van die koning oortree het, **en wat hulle liggame oorgegee het om geen gode van andere te dien of neer te buig nie, behalwe hulle Elohey**.

Dan 3:96 {29} Daarom word deur my bevel gegee dat enige volk, nasie of taal wat oneerbiedig spreek teen hulle Elohey van Sadrag, Mesag en Abednégo, stukkend gekap en van sy huis 'n mishoop gemaak sal word, omdat daar geen gode van andere is wat so kan verlos nie.

Dan 3:97 {30} **Toe het die koning, Sadrag, Mesag en Abednégo voorspoedig laat word in die provinsie Babel.**

## Daniël 4

1 KONING Nebukadnésar aan al die volke, nasies en tale wat op die hele Aarde woon: **Mag julle vrede groot wees!**

***Johannes 14:26*** *maar die **Trooster**, die Gees van die Apartheid, wat die VADER in My Naam sal stuur, **Sy sal julle alles leer** en sal julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het. [Númeri 15:38-39; Odes van Salomo 3:10; 16:13; JeshaJaH 42:3; 2 Ezra 5:28]*
*27 VREDE laat Ek vir julle na, **My Vrede** gee Ek aan julle; **nie soos die wêreld gee**, gee Ek aan julle nie. Laat julle hart nie ontsteld word en bang wees nie. [Psalm 119:165; Boekrol van Henog 11:2; 45:6]*

4:5 Ek het 'n droomgesig gesien wat my verskrik het - droombeelde op my bed en die gesigte van my hoof het my verontrus.
4:8 totdat eindelik DaniEl voor my ingekom het, wie se naam Béltsasar is, (**na die naam van my god**), en in wie die Gees van die Apartheid van Elohim is; en ek het hom die droom vertel:
4:9 Béltsasar, owerste van die geleerdes, van wie ek weet dat die Gees van die Apartheid van Elohim in jou is en dat geen enkele geheim jou kwel nie, vertel my die droomgesigte wat ek gesien het, naamlik die uitlegging daarvan.
4:10 Wat nou die gesigte van my hoof op my bed betref - ek het gesien, en kyk, **daar was 'n Boom in die middel van die Aarde, en sy hoogte was groot**.
4:11 Die Boom het groot geword en sterk, en sy hoogte het **tot aan die Hemele gereik**, sodat hy tot aan die einde van die hele Aarde sigbaar was.
4:12 Sy blare was mooi en sy vrugte baie, en aan hom was vir alles voedsel; onder hom het die **diere** van die veld skaduwee gesoek, en in sy takke het die **voëls** van die Hemele gewoon, ja, **alle vlees** is deur hom gevoed.
4:13 Ek het in die gesigte van my hoof op my bed gesien, en kyk, **'n Wagter, naamlik 'n Aparte, het uit die Hemele neergedaal**;
4:14 hy het hardop geroep en so gesê: **Kap die Boom om en kap sy takke af,** trek sy blare af en verstrooi sy vrugte; laat die diere onder hom uit wegvlug en die voëls uit sy takke.
4:15 Maar laat sy penwortel in die Aarde staan, en hom **met 'n band van yster en brons** in die groen gras van die veld; en laat hy deur die **Dou van die Hemele** natgemaak word en saam met die diere deel hê aan die plante van die Aarde.
4:16 Laat sy hart anders word as dié van 'n adamiet en 'n **dierehart** aan hom gegee word, en laat **sewe tydperke** oor hom heengaan.
4:17 Op 'n **besluit van die Wagters** berus die bevel, en 'n woord van die apartes is die saak, met die bedoeling dat die lewendes kan erken dat die Hoogste El mag het oor die koningskap van die mens en haar gee aan wie HY wil, en die nederige onder die mense oor haar aanstel.
18 Dit is die droomgesig wat ek, koning Nebukadnésar, gehad het; en jy, Béltsasar, sê my die uitlegging, omdat al die wyse manne van my koninkryk my die uitlegging nie kon bekend maak nie; maar jy is daartoe in staat, want die Gees van die Apartheid van Elohim is in jou.
4:19 Toe het DaniEl, wie se naam Béltsasar was, 'n oomblik verstom gestaan en sy gedagtes het hom verskrik. Die koning het daarop gespreek en gesê: Béltsasar, laat die droom en die uitlegging jou nie verskrik nie. Béltsasar het geantwoord en gesê: My meester, **mag die droom u haters en sy uitlegging u teëstanders oorkom**.
4:20 Die Boom wat u gesien het.... - 4:22 **hy is u**, o koning, wat groot en sterk geword het, wie se grootheid toegeneem het en reik tot aan die **Hemele** en u heerskappy tot aan die Einde van die Aarde.
4:23 En dat die koning 'n Wagter, naamlik 'n Aparte, uit die Hemele sien neerdaal het met die woorde: Kap die Boom om en verwoes hom, maar laat sy penwortel in die Aarde staan, en hom met 'n band van yster en brons in die groen gras van die veld, en laat hy deur die Dou van die Hemele natgemaak word **en sy lot saam met die wilde wesens van die veld wees** totdat **sewe tydperke** oor hom heengegaan het -
4:24 dit is die uitlegging, o koning, en dit is die besluit van die Hoogste El wat oor my meester die koning kom:
4:25 Hulle sal u uit die mensdom verstoot, en u woning sal saam met die wilde wesens van die veld wees, en hulle sal u soos die beeste plante laat eet; en u sal deur die dou van die Hemele natgemaak word, en **sewe tydperke** sal oor u heengaan totdat u erken dat die Hoogste El mag het oor die koningskap van die mens en haar gee aan wie HY wil. [MattithJaHûW 28:18]
4:26 En dat hulle bevel gegee het om die penwortel van die Boom te laat staan - u koningskap sal vir u bestendig wees vandat u erken het dat die Hemele heers.
4:27 Daarom, o koning, laat my raad u welgevallig wees en breek met u oortredinge deur regverdig te wees en met u ongeregtigheid **deur barmhartigheid te bewys aan die ellendiges** as daar verlenging van u rus moet wees.
4:28 Dit alles het oor koning Nebukadnésar gekom.

## 28 Februarie 2020 - Lesing 5 - Innerlike Eindtyd-Waarheid in die Boek Daniël

**Woord ontvang 27/02/2020 ; 14H00 aan Daniel Grobbelaar**

"MY kneg en Lieflingskind, EK IS spreek met jou en skrywe op al MY Woorde van Barmhartigheid en Leiding.

Skrywe aan MY kinders **in Filadelfia Ark**.

Kom na **Bethlehem (huis van die BROOD)**! Kom waar EK MY Lewens-Brood voorberei om vir julle uit te deel. Kom na MY Sionsmoeder van MY Volk om MY Brood te ontvang wat Ons berei met MY Gees van Sewe Volmaaktes! Los julle aardse verstande en verslawings aan nietige dinge. Kom elke oggend in die Nuwe Môres wat EK oor julle laat skyn en kom haal Manna van MY Gees wat julle sal verlos, genees, versterk en sal oprig tot MY eer! Die tyd is nou byna om. Daar is nie meer tyd om te fokus op aardse nietighede wat vergaan nie. Vergeef mekaar en genees, omdat EK julle, MY Volk, **OPROEP TOT WERKSAAMHEID**!

Die tyd van Exodus is naby, MY Volk. Die Plae van Egipte-Suid-Afrika is gereed om vervul te word om MY Oordeel en Grimmigheid uit te giet oor die wetteloses en liefdeloses! Kom en berei voor MY kinders en weet dat EK julle sal lei na waar EK julle wil hê. Mors nie meer tyd met **skinder en twis** nie. Die tyd en MY Barmhartigheid daarvoor is verby. EK vergeef die wat na MY kom met volle berou, daarna rig EK hulle op en hulle word dan WERKSAAM **in MY Melgisedek Orde van LIEFDE BO ALLE LIEFDE!** Vrees niks en niemand wanneer julle saam MY wandel in **Bruidsdans** nie! EK sal julle veilig bewaar, julle wat MY Liefhet en julle naaste soos julleself. Vrees nie! Wees soos Joshua en verslaan die vyf konings wat julle onderkry en **STAAN OP IN GILGAL**! Net EK Bekragtig en net EK skenk Nuwe Lewe en Krag! Kom na MY en oorwin die mure van Jerigo!"

Ek sien in my geestesoog die **Vier Boodskappers** staan om ons land, Suid-Afrika. Hulle hou hulle Vlerke wyd en oop soos Skilde om die Plae vanaf buite te keer. Hulle kyk elkeen na my met die oë wat die boodskap dra: "**Dit is tyd! Maak gelyk die Pad van JaHWeH in julle harte Boerevolk**! **Kom in die LAER VAN DIE VERENIGDE GILGAL!** Ons sal die Vier Winde loslaat in Opdrag van ons Majesteit! HY wek SY Wagte op en rig SY Soldate op in hulle poste volgens hulle funksies en doelwitte vir ons Majesteit. **OPROEP DOGTER VAN SION! SNY DIE KANKER UIT EN KOM!"**

JAHSHUA spreek vêrder en EK sien HOM heeltyd voor MY met SY Wit, Sagte, Growwe kleed getooi in Goud:

"Onthou MY Volk, die wat boos is sal boser word en die wat skoon is sal skoner word! Die Skape sal vanaf die bokke geskei word en word reeds geskei. MY Dogter van Sion, gaan lê in MY Hande wat bedek is met MY Wolkekleed en word kalm. Leer hoe om te sien, en begin SIEN! Leer hoe om te hoor, en begin HOOR! Kyk wat binne jou, MY Dogter, aangaan en **sien hoe die wolwe rondloop en MY skape teister!** EK het julle op die Mure geplaas, neem MY Roeping aan julle met ERNS op en DOEN MY Wil! Laat Jou Genesing nou volbring word met MY Bruilofskleed! **Hierdie is MY Bruilofsmaand ADAR met Jou!** Reining julle kleed MY kinders! EK IS julle Bruidegom. EK IS lief vir jou!

Wees vol moed en **loop op die waters Petrus**! EK IS HIER!"

# 29 Februarie 2020 - Lesing 6 - Innerlike Eindtyd-Waarheid in die Boek Daniël

*Daniël_10:14 Ek het dan gekom om jou inligting te gee oor wat **jou volk aan die einde van die dae te beurt sal** val, want die gesig sien nog op die **verre toekoms**.*

**Daniël 7 (Hfs 7 en 8 volg kronologies na Daniël 4)**

7:1 IN die eerste jaar van Bélsasar, die koning van Babel, **het DaniEl 'n droomgesig gesien** en gesigte van sy hoof op sy bed. Toe het hy die droom opgeskrywe, die hoofsaak vertel.
7:2 DaniEl het gespreek en gesê: Ek het in die nag in my gesig gesien, en kyk, die vier **Geeste van die Hemele** het die groot see in beroering gebring; [JirmeJaH 49:36]
7:3 en **vier groot diere** het uit die see opgeklim, die een verskillend van die ander.
7:4 Die eerste was soos 'n **leeu**, en het vlerke van 'n arend gehad; ek het bly kyk totdat haar vlerke uitgeruk is en sy van die Aarde af opgehef en soos 'n mens op twee voete neergesit is en **aan haar is 'n mensehart gegee.** [Openbaring 12:14]
7:5 En kyk, 'n ander, 'n tweede, het gelyk soos 'n **beer**, en sy het haarself opgelig aan die een kant; en drie ribbes was in haar bek tussen haar tande; en só het hulle vir haar gesê: **Staan op, eet baie vleis**.
7:6 Daarna het ek gesien, en kyk, daar was 'n ander een soos 'n **luiperd**, en sy het **vier vlerke** van 'n voël op haar rug gehad; ook het die dier **vier koppe** gehad, en aan haar is heerskappy gegee.
7:7 Daarna het ek in die naggesigte gesien, en kyk, daar was 'n **vierde dier**, vreeslik en skrikwekkend en baie sterk, en sy het **groot ystertande** gehad; sy het verslind en vermorsel en die oorskot met haar pote vertrap; en sy was verskillend van al die diere wat voor haar gewees het, en sy het **tien horings** gehad. [Openbaring 13:2]
7:8 Terwyl ek op die horings ag gee, kom daar 'n **ander horinkie** tussen hulle op, en drie van die vorige horings is daarvoor ontwortel; en kyk, in hierdie horing was **oë soos mens-oë**, en 'n **mond wat groot dinge spreek.**

**1ste Dier Leeu** —Hollandse heerskappy 1652-1795
**2de Dier - Beer** - Brits/Amerikaanse Heerskappy 1795-1910.
**3de Dier Luiperd** - Unie Regering met 4 provinsies of koppe en vlerke 1910-1948
**4de Dier "Draak"** - Afrikaner Regering loop oor in Swart regering 1948-2020

Vanaf 1948 was daar 10 konings tot nou. Dr. Malan, H Strijdom, Dr. Verwoerd, J Vorster, PW Botha, F de Klerk, Mandela, Mbeki, Zuma, Ramaphosa.
(Klein horinkie verslind die 3)



**Die Oue van Dae**

7:9 Ek het bly kyk totdat trone reggesit is en 'n **OUE van dae** gaan sit het; SY kleed was wit soos sneeu en die hare van SY hoof soos skoon wol; SY **Troon** was vuurvlamme, die **Wiele** van hom 'n brandende vuur;
7:10 'n stroom van vuur het gevloei en voor HOM uit gegaan; duisend maal duisende het HOM gedien, en tienduisend maal tienduisende het voor HOM gestaan; **die Gereg het gaan sit**, en **die Boekrolle is geopen**.
7:11 Ek het toe bly kyk vanweë die stem van die groot woorde wat **die horing** gespreek het; ek het bly kyk totdat die **dier gedood en haar liggaam vernietig en aan die verbranding deur vuur oorgegee is**.
7:12 Ook aan die ander diere is hulle **heerskappy ontneem,** en verlenging van die lewe is aan hulle gegee tot op tyd en uur.
7:13 Ek het gesien in die naggesigte, en kyk, met die **Wolkkolom** van die Hemele het **Een gekom soos die Seun van 'n Mens,** en Hy het gekom tot by die **OUE van dae**, en hulle het Hom nader gebring voor HOM. [Openbaring 5:5 - 9]
7:14 En aan Hom is gegee **Heerskappy en Eer en Koningskap;** en al die volke en nasies en tale het Hom vereer; Sy Heerskappy is 'n Ewige Heerskappy wat nie sal vergaan nie, en Sy Koninkryk een wat nie vernietig sal word nie. [Boekrol van Henog 25:3; Lukas 1:32-33]

***Psalm 82:1*** *ELOHIM staan in die vergadering van El; Hy regeer* ***vanuit die midde*** *van die Elohim. [Openbaring 5:6]*
*82:6 Ek self het gesê:* ***Julle is Elohim, en julle is almal Seuns van die Hoogste El*** *-*

7:15 Die Gees van my, DaniEl, is in sy omhulsel verontrus, en die gesigte van my hoof het my verskrik.
7:16 Ek het nader gekom na Een van die wat daar gestaan het, en van Hom sekerheid gevra oor dit alles; en Hy het dit vir my gesê en die uitlegging van die dinge aan my bekend gemaak:
7:17 Hierdie groot diere wat vier is - **vier konings** sal uit die Aarde opstaan;
7:18 **en die apartes van die Hoogste El sal die koningskap ontvang, en hulle sal die Koninkryk in besit neem tot in ewigheid, ja, tot in alle ewigheid.**
7:19 Toe wou ek sekerheid verkry oor die vierde dier wat van al die ander verskillend was, buitengewoon vreeslik, met **ystertande** en met **koperkloue**, wat verslind, vermorsel en die oorskot met haar pote vertrap het,
7:20 en oor die tien horings wat op haar kop was, en die ander een wat opgekom het en waarvoor drie geval het, naamlik hierdie horing wat oë en 'n mond gehad het wat **groot dinge gespreek het**, terwyl haar gestalte groter was as van die ander.
7:21 Ek het gesien dat hierdie horing **oorlog voer met die apartes en hulle oorwin,** [Openbaring 13:7]
7:22 totdat die **Oue van dae kom** en aan die **Apartes** van die Hoogste El Reg verskaf is en die **bepaalde tyd** gekom het dat die **Apartes die Koninkryk in besit geneem het.**
7:23 Só het Hy gesê: Die vierde dier - die vierde koninkryk sal op die Aarde wees, wat verskil van al die koninkryke en die hele Aarde sal verslind en sy sal haar vertrap en sy sal haar verbrysel.
7:24 En die tien horings - uit daardie koninkryk sal **tien konings** opstaan, en 'n ander een sal ná hulle opstaan, en hy sal **verskillend wees** van die voriges en drie konings neerwerp. [Prediker 4:13 - 16]
7:25 En hy sal woorde spreek **teen die Hoogste El en die Apartes van die Hoogste El mishandel**; en hy sal probeer om tye en Wet te verander, en hulle sal in sy hand oorgegee word gedurende 'n tyd en tye en die helfte van 'n tyd.
7:26 Maar **die Gereg sal sit**, en Hulle sal hom die heerskappy ontneem om haar vir goed te verdelg en te vernietig.
7:27 word die koningskap en die heerskappy en die grootheid van die koninkryke onder die ganse Hemele gegee **aan die volk van die Apartes van die Hoogste El**; hulle Koninkryk is 'n **ewige Koninkryk**, en al die heerskappye sal hulle vereer en gehoorsaam wees.
7:28 Hier is die einde van die saak. Wat my, DaniEl, betref, my gedagtes het my baie verskrik en my gelaatskleur het verander aan my, maar die saak het ek in my hart bewaar.

# 2 Maart 2020 - Lesing 7 - Innerlike Eindtyd-Waarheid in die Boek Daniël

## Daniël 7

7:3 en **vier groot diere** het uit die see opgeklim, die een verskillend van die ander.

7:4 Die eerste was soos 'n **leeu**, en het vlerke van 'n arend gehad; ek het bly kyk totdat haar vlerke uitgeruk is en sy van die Aarde af opgehef en soos 'n mens op twee voete neergesit is en **aan haar is 'n mensehart (ADAR-HART uit die Gilgal Klipwiel) gegee.** [Openbaring 12:14]

7:5 En kyk, 'n ander, 'n tweede, het gelyk soos 'n **beer**, en sy het haarself opgelig aan die een kant; en **drie ribbes (Republiek van Natalia, Rep van die Oranje Vrystaat, Zuid-Afrikaanse Rep van Transvaal)** was in haar bek tussen haar tande; en só het hulle vir haar gesê: **Staan op, eet baie vleis**.

7:6 Daarna het ek gesien, en kyk, daar was 'n ander een soos 'n **luiperd**, en sy het **vier vlerke** van 'n voël op haar rug gehad; ook het die dier **vier koppe** gehad, en aan haar is heerskappy gegee. (**Unie van Suid-Afrika met 4 outonome provinsies)**

7:7 Daarna het ek in die naggesigte gesien, en kyk, daar was 'n **vierde dier**, vreeslik en skrikwekkend en baie sterk, en sy het **groot ystertande** gehad; sy het verslind en vermorsel en die oorskot met haar pote vertrap; en sy was verskillend van al die diere wat voor haar gewees het, en sy het **tien horings** gehad. [Openbaring 13:2]

## Daniël 8

8:1 IN die derde jaar van die regering van koning Bélsasar het aan my, DaniEl, 'n gesig verskyn **ná dié een wat die vorige keer** aan my verskyn het.

8:2 Ek het naamlik in die gesig gesien - terwyl ek kyk, was ek in die vesting **Susan (lelie)** wat in die provinsie Elam (**verborgenheid**) lê; en ek het in die gesig gesien dat ek my aan die Ulairivier (**my leiers**) bevind het. [JirmeJaH 49:38 - 39]

8:3 En ek het my oë opgeslaan en gesien, en kyk, daar staan 'n **ram** voor die rivier; en hy het **twee horings** gehad, en die twee horings was hoog, ook was die een hoër as die ander, en die hoogste het laaste uitgekom. [Openbaring 13:1]

8:4 Ek het die ram sien stoot na die weste en na die noorde en na die suide, en al die diere kon voor hom nie standhou nie, en daar was niemand wat uit sy mag gered het nie; maar hy het gedoen volgens sy wil, en **het magtig geword**.

8:5 Terwyl ek daarop ag gee, kom daar 'n **bokram** uit die **weste** aan oor die oppervlakte van die **hele Aarde**, sonder om aan die Aarde te raak; en die bok het 'n **aansienlike horing tussen sy oë** gehad.

8:6 En hy het na die ram met die twee horings aangekom wat ek voor die rivier sien staan het, en hom in die woede van sy krag stormgeloop.

8:7 En ek het hom gesien hoe hy tot by die ram kom en op hom verbitterd word en die ram stoot en sy **twee horings verbreek**; en daar was geen krag in die ram om voor hom stand te hou nie, sodat hy hom teen die Aarde gegooi en **hom vertrap het**, en daar was niemand wat die ram uit sy mag gered het nie.

8:8 En die bok het uitermate magtig geword; maar toe hy sterk was, het die groot horing afgebreek, **en vier aansienlike [horings] het in sy plek uitgekom** na die vier windstreke van die Hemele.






## 3 Maart 2020 - Lesing 8 - Innerlike Eindtyd-Waarheid in die Boek Daniël

**Dan** 8:9 En uit een van dié het 'n **horing, eers klein, uitgekom, maar hy het baie groot geword** na die suide en na die ooste en na die Pragtige Land toe.
8:10 En hy het groot geword tot by die Leër van die Hemele en het [sommige] van die Leër, naamlik van die Sterre, op die Aarde laat val en hulle vertrap.
8:11 Selfs tot by die Vors van die skeppings-leërmag het hy groot geword, **sodat die voortdurende Hom ontneem en Sy Apartheidsplek neergewerp is**.
8:12 En **hy het 'n leër oorgegee** teen die voortdurende deur 'n opstand; en hy het die **Waarheid op die Aarde neergewerp** en in sy optrede **sukses** gehad.

8:13 Toe hoor ek 'n apartgestelde spreek; en 'n ander apartgestelde het aan die een wat spreek, gesê: Hoe lank duur die gesig aangaande die **voortdurende** en die **opstand van verwoesting** - waar die **plek van Apartheid** sowel as die **leër** aan vertrapping oorgegee sal word? [Levítikus 26]
8:14 En hy het vir my gesê: Tweeduisend-driehonderd aande en môres, en **dan sal Apartheid regverdig word**.
8:15 En toe ek, DaniEl, die gesig gesien het, het ek probeer om haar te verstaan, en kyk, daar het iemand voor my gestaan wat soos 'n krygsman gelyk het.
8:16 En ek het 'n stem van 'n adamiet gehoor uit die Ulai wat geroep en gesê het: **GabriEl, laat hierdie een die gesig verstaan!**
8:17 Toe kom hy by my staanplek; en toe hy kom, het ek geskrik en op my aangesig geval. En hy het vir my gesê: Let op, seun van adam, want **<u>die gesig sien op die tyd van die einde.</u>**
8:18 En terwyl hy met my spreek, het ek bewusteloos met my aangesig op die Aarde geval; toe het hy my aangeroer en my op my staanplek opgerig
8:19 en gesê: Kyk, ek maak jou bekend wat aan die **einde van die strafgerig** sal gebeur, want sy sien op **<u>die bepaalde tyd van die einde</u>**.
8:20 Die **ram** wat jy gesien het met die twee horings, is die konings van die Meders en die Perse.
8:21 En die harige bok is die koning van Griekeland; en die groot horing wat tussen sy oë was, hy is die eerste koning. 8:22 En dat hy gebreek is en vier in sy plek ontstaan het - **vier koninkryke** sal uit sy nasie ontstaan, maar nie met sy krag nie.
8:23 Maar aan die einde van hulle heerskappy, as die opstandiges die maat volgemaak het, sal 'n koning optree, hard van aangesig en wat raaisels verstaan.
8:24 En sy krag sal sterk word, maar nie deur sy krag nie; en hy sal [met] wonders vernietig en dit voorspoedig uitvoer; **en hy sal magtiges vernietig en ook die volk van die apartes.**
8:25 En op grond van sy slimheid sal hy **met voorspoed bedrog pleeg**, en hy sal groot dinge onderneem in sy hart en baie mense onwerwags




vernietig, ja, optree teen die Vors van die vorste, **maar hy sal sonder toedoen van [mense]hand verbreek word.** [DaniEl 2:45; 2 Ezra 11:40]
8:26 En die gesig van die aande en die môres waarvan gespreek is, sy is Waarheid; en jy, hou die gesig geheim, **<u>want sy sien op 'n verre toekoms</u>**.
8:27 En ek, DaniEl, was gedaan en was dae lank siek; daarna het ek opgestaan en die werk van die koning gedoen; en ek was verstom oor die gesig, maar niemand het dit gemerk nie. [2 Ezra 5:14]

# 5 Maart 2020 - Lesing 9 - Innerlike Eindtyd-Waarheid in die Boek Daniël

**Die Nuwe Openbaring van Johannes - Boek 6 - Hoofstuk 101**

**Die Meester verklaar die geskiedenis van Daniël**

101 Een van die twintig nuwe leerlinge, wat `n skrifgeleerde in die tempel was, sê toe: 'Meester, omdat alle dinge vir U bekend en moontlik is, kan U vir ons uit die profeet Daniël, en veral die sewende hoofstuk, iets uitlê! Hierdie merkwaardige siener gee weliswaar `n besondere uitleg aan sy visioen van die vier diere, - maar die uitleg is net so onduidelik en duister as die waargenome beeld wat die siener laat huiwer het. - Kan U ons oor die visioen `n nadere uitleg gee?'

[2] Ek sê: 'O, baie sekerlik; maar ook daarvoor is dit hier nie die beste plek nie, omdat hierdie mense oor **ons Skrif weinig of selfs niks weet nie**. Bowendien deurgrond julle self ook nog veels te min julle - sê maar - gees van die ander kant, en julle het daar nog te min één mee geword om insig te kan kry in die visioen van die siener Daniël, en om dit tot op die bodem te verstaan. Want al sou julle desnoods die twee eerste diere verstaan, dan sou julle tog **die twee laastes** nie kon verstaan nie, **omdat hulle bestaan en hulle dade weggelê is vir toekomstige tye**. Hoe sou mens nou aan julle verstand, wat nog slegs natuurlik is, iets duidelik kan uitlê wat nog nie op aarde voorgekom het nie, maar wat homself eers **na talle eeue** sal afspeel?!

[3] Ek kan julle maar net sê dat die vier merkwaardige diere nie moontlikerwys vier naasmekaar bestaande ryke voorstel nie, waarby uit die laaste dan nog tien koninkryke ontstaan ooreenkomstig die getal van die tien horings in wie se middel nog `n elfde ryk op die kop van die dier tevoorskyn gekom het, waarvoor daar drie van die vorige tien horings by die dier uitgeruk word. Maar die vier merkwaardige diere dui op vier **groot na mekaar opvolgende bestaansperiodes van volke** sedert die begin wat daar mense op hierdie aarde geleef het. Vir die ondersoek van hulle verlede is baie kronologiese kennis van die geskiedenis nodig en om hulle toekoms te deursien is `n volledige geopende geestesoog noodsaaklik wat in die lig van die lig en die lewe van die lewe verder kan sien as tyd en ruimte.

[4] Kyk, op die manier moet ook die laaste dier ystertande hê en alles om hom heen verswelg, en het die elfde horing oë soos mense oë, en `n mond wat belangrike dinge sê!

[5] Ja, Ek sê julle dat dit onvermydelik so sal kom; maar ook al sou Ek dit vir julle nou ook maar `n bietjie wil uitlê, dan sou julle van My uitleg net so weinig verstaan, as wat Daniël self in feite verstaan het van die uitleg wat die Gees hom gegee het.

[6] Daniel se vroom siel was wel baie geskik om die visioen asof in `n lewendige droom te sien, maar ook sy siel kon dit nie verstaan nie, want die **Gees van die ander kant uit Elohim kon nie één met hom word nie** en dit is, omdat Ek nog nie liggaamlik aanwesig was om so `n algehele eenwording moontlik te maak nie. Hierdie algehele eenwording sal egter ook eers volledig moontlik wees wanneer Ek opgevaar het na My ou en daarna ook heeltemal nuwe vaderland.

[7] Daaruit kon julle nou wel duidelik die slotsom maak dat julle niks sou hê aan My verklaring oor die hele sewende hoofstuk van Daniël nie.'

[8] Nou sê Petrus: 'Maar Heer, as ons ooit weer eens heeltemal alleen bymekaar is, dan sal U ons daar wel enige wenke oor kan gee! Want ek sê nou self: die profete, en by name die vier grotes, soos Moses, EliJaH, Dawid en Salomo, het baie opgeskryf - maar vir wie? Buiten ons, het nog geen enkele skrifgeleerde, hoe wys ookal, dit behoorlik verstaan nie, ons verstaan ook maar baie min daarvan, en die wat na ons sal kom, sal dit beslis ook geen haar beter verstaan nie. En tog is die boeke vir mense en nie vir ander skepsele geskryf nie. Maar wat het die mense daaraan as hulle dit nooit as te nimmer behoorlik sal verstaan nie?'

[9] Ek sê: 'O, nou vergis jy jou deeglik! As die boeke oor die innerlike, geestelike wysheid so geskryf was dat dit vir elke natuurlike, wêreldse verstand al op die eerste oogopslag volkome begryplik sou wees, dan sou die mens hulle baie gou eenkant laat lê het en nie eens meer daarna gekyk het nie. Wat se nut sou dit dan hê?!

[10] Nou bevat dit egter **geestelike dinge vir die eenvoudigste skepsel tot aan die hoogste hemels-goddelike** en kan daarom nooit deur geen enkele natuurlike, wêreldse verstand volledig verstaan word nie, maar slegs deur die suiwere, volledig aan die ander kant aanwesige synde gees van die mens.

[11] Juis die nie-verstaan van hierdie geskrifte hou die gees in die mens wakker en laat hom sien wat en hoeveel daar nog te kort kom aan die eintlike lewensvervolmaking. Hy sal die geskrifte daarom dikwels ter hand neem en sy gedagtes daaroor laat gaan, waarby hom so nou en dan tog een en ander ietwat duideliker sal word. Wanneer hy so deur sy moeite en sy ywer `n **glimp van die gees** opgevang het, sal hy wel steeds yweriger gaan naspeur na die innerlike, geestelike waarhede en op die wyse steeds meer lig kry en ook `n meer inniger verbinding kry met sy innerlike gees aan die ander kant, en dan sal hy ook sy naaste meer lig kan gee, wat baie heilsaam vir hulle sal wees.

[12] Maar dit sal nooit gebeur as hierdie geskrifte slegs op **suiwer natuurlike wyse** gegee was nie; as dit so gegee was, sou daar niks geestelik en hemels-goddelik aan die woorde ten grondslag gelê het nie, soos wat Ek dit julle al meermale baie duidelik laat sien het.

[13] Wat sou julle daarvan sê as Ek julle meedeel dat dit oor **ongeveer 2000 jaar vanaf nou gereken**, met My leer in die algemeen nog baie slegter gestel sal wees as met die **ergste heidendom** van vandag, en

nog erger sal wees as die domste wat die Fariseërs nou voorskryf in Jerusalem, en dat dit vanaf hede **geen vyftig jaar** meer sal bestaan nie?! Wat sal julle sê as Ek aan julle openbaar dat die mense in die tyd groot kunsmatige oë sal uitvind en maak, waarmee hulle in die diepste dieptes van die sterrehemel sal kan kyk, en baie ander berekeninge sal maak as wat die Egiptenare gedoen het?! Ja, die mense sal ysterweë aanlê en met stoom en **vuur in ysterwaens** ry so vinnig soos wat `n afgeskiete pyl deur die lug kan vlieg! Hulle sal mekaar met **metaal vuurwapens beveg**, en hulle **briewe deur die bliksem** oor die hele wêreld laat versprei, en hulle **skepe** sal sonder seile of roeiriemе deur die **krag van die vuur** oor die groot wêreldsee vaar so gou en maklik soos wat die arend deur die lug vlieg; - en nog duisend en één ander dinge waarvan julle vir julleself geen voorstelling kan maak nie.

[14] En kyk, **dit lê alles verborge in die vierde dier**, en dit kan nou nie deur julle verstaan word omdat julle ook nie wat Ek julle nou gesê het kan verstaan nie! Maar in die gees sal julle dit binnekort alles goed verstaan, maar ook julle sal niemand `n ander uitleg kan gee as dit wat Ek nou by hierdie geleentheid gegee het nie. Ek sal julle egter later by `n geskikte geleentheid tog nog ietwat meer daaroor sê. Vir vandag was dit genoeg gewees. Laat ons dus nou weer liggaamlike rus gaan neem!'

# 6 Maart 2020 - Lesing 10 - Innerlike Eindtyd-Waarheid in die Boek Daniël

**Daniël 5**

1 KONING Bélsasar het 'n groot fees berei vir sy duisend maghebbers, en in teenwoordigheid van die duisend het hy wyn gedrink.

5:2 By die genot van die wyn het Bélsasar bevel gegee om die goue en silwervoorwerpe te bring wat sy vader Nebukadnésar uit die Tempel van Jerusalem weggevoer het, sodat die koning en sy maghebbers, sy vroue en sy byvroue daaruit kon drink.

5:3 Toe het hulle die goue voorwerpe gebring wat uit die Tempel, uit die **Huis van Eloah** in Jerusalem weggevoer was, en die koning en sy maghebbers, sy vroue en sy byvroue het daaruit gedrink.

5:4 **Hulle het wyn gedrink en die gode van goud en silwer, koper, yster, hout en klip geprys.**

5:5 Op dieselfde oomblik het daar vingers van 'n mens se hand te voorskyn gekom en teenoor die kandelaar op die kalk van die muur van die koninklike paleis geskrywe, en die koning het die deel van die hand gesien wat geskrywe het.

5:6 Toe het die gelaatskleur van die koning verander, en sy gedagtes het hom verskrik, en die gewrigte van sy heupe het losgeraak, en sy knieë het teen mekaar geslaan.

5:7 Die koning het hardop uitgeroep om die besweerders, ....

5:10 Na aanleiding van die woorde van die koning en van sy maghebbers het die koningin in die eetsaal ingegaan; die koningin het begin spreek en gesê: Mag die koning in ewigheid lewe! Laat u gedagtes u nie verskrik en u gelaatskleur nie verander nie.

5:11 Daar is 'n man in u koninkryk **in wie die Gees van die Apartheid van Elohim is:** in die dae van u vader is Lig en Insig en Wysheid soos die Wysheid van Elohim in hom gevind; daarom het u vader, koning Nebukadnésar, hom as owerste van die geleerdes, die besweerders, die Chaldeërs, die waarsêers aangestel - u vader, o koning! -

5:12 omdat in hom 'n voortreflike **Gees van Kennis en Verstand gevind is om drome uit te lê en raaisels op te los en knope los te maak** - in DaniEl aan wie die koning die naam van Béltsasar gegee het; laat DaniEl nou geroep word, dan sal hy die uitlegging te kenne gee.

5:13 Toe is DaniEl voor die koning gebring; ...

5:16 Maar ek het van jou gehoor dat jy uitlegginge kan gee en knope kan losmaak; as jy nou die skrif kan lees en sy uitlegging aan my bekend maak, sal jy met purper beklee word en 'n goue ketting sal daar om jou hals wees, en jy sal as derde in rang in die koninkryk heers.

5:17 Toe het DaniEl geantwoord en voor die koning gesê: U kan u gawes maar vir uself hou en u geskenke aan 'n ander gee; nogtans sal ek die skrif vir die koning lees en die uitlegging aan hom bekend maak.

5:18 Wat u betref, o koning, die Hoogste Eloah het aan u vader Nebukadnésar koningskap en oorvloedigheid en eer en grootsheid gegee.

5:19 En vanweë die grootheid wat HY hom gegee het, het **al die volke, nasies en tale gebewe en vir hom gesidder**; wie hy wou, het hy gedood, en wie hy wou, het hy laat lewe, en wie hy wou, het hy verhoog, en wie hy wou, het hy verneder.

5:20 Maar net toe sy hart hom verhef het en sy gees verhard is om oormoedig te wees, is hy van die troon van sy **koningskap afgestoot**, en die eer is hom ontneem.

5:21 En hy is uit die mense verstoot, en sy **hart het soos dié van diere geword**, en hy het saam met die wilde-esels gewoon; hulle het hom plante laat eet soos die beeste, en deur die Dou van die Hemele is sy liggaam natgemaak totdat hy erken het dat die Hoogste Eloah mag het oor die koningskap van die mens en daaroor kan aanstel wie HY wil.

5:22 Maar u, Bélsasar, sy seun, het u hart nie verneder nie, alhoewel u dit alles weet;

5:23 **maar u het u verhef teen die Koning van die Hemele**, en die voorwerpe van Sy Huis het hulle voor u gebring; en u en u maghebbers, u vroue en u byvroue het wyn daaruit gedrink; en u het die gode van silwer en goud, koper, yster, hout en klip geprys, wat nie sien en nie hoor en nie weet nie, maar die Eloah in Wie se Hand u asem en voor wie al u paaie is, Hom het u nie vereer nie.

5:24 Toe is deur Hom die deel van die Hand gestuur en hierdie skrif geskrywe.

Dan 5:25 En dit is die skrif wat geskrywe is:

מנא מנא תקל ופרסי

]MENÉ/Getel, MENÉ/Getel, TEKÉL/Geweeg, UFARSÍN/PERES/en verdeel].

Dan 5:26 Dit is die uitleg van die woord: MENÉ- Eloah het u koningskap getel en **daar 'n einde aan gemaak**;

Dan 5:27 TEKÉL - U is op die weegskaal geweeg en **te lig bevind;**

Dan 5:28 PERES/VERDEEL - U koninkryk is **verdeel** en aan die Meders en Perse gegee.

Dan 5:29 Toe het Bélsasar bevel gegee, en hulle het DaniEl met purper beklee, met 'n goue ketting om sy hals, en aangaande hom openlik uitgeroep dat hy as derde in rang in die koninkryk sou heers.

Dan 5:30 In dieselfde nag is Bélsasar, die koning van die Chaldeërs, gedood.

Dan 5:31 En Daríus, die Meder, was twee-en-sestig jaar oud toe hy die koningskap ontvang het.

Dan 5:32 [Hoofstuk 9 pas kronologies hier in.]

# 9 Maart 2020 - Lesing 11 - Innerlike Eindtyd-Waarheid in die Boek Daniël

***<u>Jesaja 14:4</u>*** *dan sal jy hierdie spotlied aanhef oor die* ***koning van Babel*** *en sê: Hoe het die drywer nou opgehou, opgehou die verdrukking!*

*14:12 Hoe het jy uit die Hemele geval,* ***o Heylel (Lucifer), seun van Shagar(die dageraad)****! [Hoe] lê jy teen die Aarde* ***neergeslaan****, oorweldiger van die nasies! [Psalm 139:7 - 9; Boekrol van Henog 44; 86:1; JeshaJaH 7:11; JeségiEl 28; Lukas 10:18]*

*14:13 En jy het in jou hart gesê: Ek wil opklim in die Hemele,* ***my troon verhef bo die Sterre van El*** *en sit op die berg van samekoms in die uithoeke van die Noorde.*

*14:14 Ek wil styg bo die hoogtes van die wolke,* ***my gelykstel met die Hoogste El!***

*14:15 Ja, in die Doderyk/Sheol sal jy neergewerp word,* ***in die diepste plekke*** *van die put!*

**Daniël 4**

Dan 4:5 Ek het 'n droomgesig gesien wat my verskrik het - droombeelde op my bed en die gesigte van my hoof het my verontrus.

Dan 4:8 totdat eindelik DaniEl voor my ingekom het, wie se naam Béltsasar is, (na die naam van my god), en in wie die Gees van die Apartheid van Elohim is; en ek het hom die droom vertel:

Dan 4:10 Wat nou die gesigte van my hoof op my bed betref - ek het gesien, en kyk, **daar was 'n Boom in die middel van die Aarde, en sy hoogte was groot**.

Dan 4:11 Die Boom het groot geword en sterk, en sy hoogte het **tot aan die Hemele gereik**, sodat hy tot aan die einde van die hele Aarde sigbaar was.

Dan 4:12 Sy blare was mooi en sy vrugte baie, en aan hom was vir alles voedsel; onder hom het die diere van die veld skaduwee gesoek, en in sy takke het die voëls van die Hemele gewoon, ja, **alle vlees is deur hom gevoed.**

Dan 4:13 Ek het in die gesigte van my hoof op my bed gesien, en kyk, 'n Wagter, naamlik 'n Aparte, het uit die Hemele neergedaal;

Dan 4:14 hy het hardop geroep en so gesê: **Kap die Boom om en kap sy takke af**, trek sy blare af en verstrooi sy vrugte; laat die diere onder hom uit wegvlug en die voëls uit sy takke.

Dan 4:15 Maar laat **sy penwortel in die Aarde staan**, en hom met 'n band van yster en brons in die groen gras van die veld; en laat hy deur die **Dou van die Hemele** natgemaak word en saam met die diere deel hê aan die plante van die Aarde.

***Odes van Salomo 35:5*** *Ek is soos 'n Kind deur Sy* ***Moeder*** *gedra, en Sy het vir My die* ***Dou van JaHWeH as melk*** *gegee; 6 Ek het grootgeword volgens Haar gawe, en Ek het gerus in HAAR Suiwerheid;*

Dan 4:16 Laat sy hart anders word as dié van 'n adamiet en 'n **dierehart aan hom gegee word**, en laat **sewe tydperke** oor hom heengaan.

Dan 4:17 Op 'n **besluit van die Wagters** berus die bevel, en 'n woord van die apartes is die saak, met die bedoeling dat die lewendes kan erken dat die **Hoogste El mag het oor die koningskap van die mens** en haar gee aan wie HY wil, en die nederige onder die mense oor haar aanstel.

***Henog 12:4*** *Henog, skrywer van regverdigheid, gaan, lig die* ***Wagters van die Hemele*** *in wat die hoë Hemele verlaat het, die ewige Apartheid, en* ***hulleself vermeng het met vroue****, en gedoen het wat die seuns van die Adam doen, en vir hulleself vroue geneem het, en heeltemal* ***verbaster het*** *op die Aarde:*

## 10 Maart 2020 - Lesing 12 - Innerlike Eindtyd-Waarheid in die Boek Daniël

### Henog 8 (Die Wagters)

*8 EN **Azazel** het die adamiet geleer hoe om **swaarde** te maak en **messe en skilde en borsplate**. Hy het hulle die dinge daarna getoon, en die kuns om dit te maak: **armbande en ornamente**, die kuns om die **oë op te maak en die ooglede te versier**, die mees kosbare en uitgesoekte **gesteentes**, en alle soorte **kleurtinte**.*

*2 En die wêreld het verander. En daar het groot besoedeling ontstaan en hulle het begin **hoereer** en hulle het afgedwaal en het in hul weë **vermeng**.*

*3 Semfazas het onderrig gegee in **betoweringe** en **wortelsnitte**; Armaros in die verklaring van **betoweringe**; Batarêl oor die **astrologie**; Kokabiël oor **sterrebeelde**; Ezegiël aangaande die Kennis van **wolke**; Barakial oor die tekens van die Aarde; Samsapiël oor die tekens van die son, en Sariël oor die koers van die maan. [JeségiEl 13:8]*

*4 En soos die adamiete omgekom het, het hulle uitgeroep en hulle geroep het opgegaan na die Hemele.*

***Henog 69:12** Die vyfde se naam was Kasdeja: dit is hy wat die kinders van die adam die uitwissing deur die geeste en demone gewys het, **en die uitwissing van die embrio in die baarmoeder, dat dit vernietig kan word**, en die uitwissing van die siel, die byt van Nagash/slang, en die uitwissing wat volg op die hitte van die middag, die seun van Nagash/slang wat sterk is.*

### Daniël 4

Dan 4:20 Die Boom wat u gesien het - ...

Dan 4:22 **hy is u, o koning**, wat groot en sterk geword het, wie se grootheid toegeneem het en reik tot aan die Hemele en u heerskappy tot aan die Einde van die Aarde.

Dan 4:24 dit is die uitlegging, o koning, en dit is die besluit van die Hoogste El wat oor my meester die koning kom:

Dan 4:25 Hulle sal u uit die mensdom verstoot, en u woning sal saam met die **wilde wesens van die veld** wees, en hulle sal u soos die beeste plante laat eet; en u sal deur die dou van die Hemele natgemaak word, en **sewe tydperke sal oor u heengaan** totdat u erken dat die Hoogste El mag het oor die koningskap van die mens en haar gee aan wie HY wil. [MattithJaHûW 28:18]

Dan 4:26 En dat hulle bevel gegee het om die penwortel van die Boom te laat staan - u koningskap sal vir u bestendig wees **vandat u erken het dat die Hemele heers.**

Dan 4:27 Daarom, o koning, laat my raad u welgevallig wees en **breek met u oortredinge** deur regverdig te wees en met u ongeregtigheid deur barmhartigheid te bewys aan die ellendiges as daar verlenging van u rus moet wees.

4:28 Dit alles het oor koning Nebukadnésar gekom.

Dan 4:29 Aan die einde van twaalf maande terwyl hy op die koninklike paleis van Babel rondwandel,

Dan 4:30 het die koning aangehef en gesê: Is dit nie die groot Babel <u>**wat ek**</u> opgebou het tot 'n koninklike verblyf, deur die sterkte van my vermoë, en tot aansien van my eerbaarheid nie? [Miga 4:10]

Dan 4:31 Terwyl die woord nog in die mond van die koning was, val daar 'n stem uit die Hemele: Koning Nebukadnésar, jou word aangesê - **die koningskap word jou ontneem;**

Dan 4:32 en hulle sal jou **uit die mensdom verstoot**, en jou woning sal saam met die wilde wesens van die veld wees; hulle sal jou **plante laat eet** soos die beeste, en **sewe tydperke** sal oor jou heengaan, totdat jy erken dat die Hoogste El mag het oor die koningskap van die mens en dit gee aan wie HY wil.

Dan 4:33 Dieselfde oomblik het die woord in vervulling gegaan oor Nebukadnésar - hy is uit die mensdom verstoot en het plante geëet soos die beeste, en deur die **Dou van die Hemele** is sy liggaam natgemaak, totdat sy **hare lank geword het soos die vere van arende, en sy naels soos dié van voëls**.

Dan 4:34 En ná verloop van tyd het ek, Nebukadnésar, my oë na die Hemele opgeslaan, en my verstand het in my teruggekeer, en ek het die Hoogste El geloof en HOM wat ewig lewe, geprys en geëer, wie se heerskappy 'n ewige mag en wie se koningskap van geslag tot geslag is.

Dan 4:35 En al die bewoners van die Aarde word as niks geag nie, en na SY wil handel HY met die Leër van die Hemele en die bewoners van die Aarde, en daar is niemand wat Sy Hand kan afslaan en vir HOM kan sê: Wat doen U nie?

Dan 4:36 In dié tyd het my verstand in my teruggekeer; en wat die eer van my koningskap betref - my eerbaarheid en my helderheid het in my teruggekeer, en my raadsmanne en my leiers het my opgesoek; en **ek is in my koningskap herstel**, en buitengewone grootheid is my toegevoeg.

Dan 4:37 Nou prys ek, Nebukadnésar, en ek roem en eer die Koning van die Hemele: al Sy werke is Waarheid en Sy Paaie is Reg, en Hy kan verneder die wat in hulle trotsheid wandel.

[Hoofstukke 7 en 8 pas kronologies hier in.]

## 11 Maart 2020 - Lesing 13 - Innerlike Eindtyd-Waarheid in die Boek Daniël

**Daniël 9**

9:1 IN die eerste jaar van Daríus, die seun van Ahasvéros, uit die saadlyn van die Meders, wat koning gemaak was oor die koninkryk van die Chaldeërs,

9:2 in die eerste jaar van sy regering het ek, DaniEl, in die Boekrolle gemerk dat die getal jare waaroor die Woord van JaHWeH tot die profeet JirmeJaH gekom het met betrekking tot die puinhope van Jerusalem, **sewentig volle jare was**.

9:3 En ek het my aangesig tot my Meester die Elohim gerig om met vas, en in roukleed en as, my aan gebed en smekinge te wy.

9:4 En ek het tot JaHWeH my Elohey gebid en **belydenis gedoen** en gesê: Ag, my Meester, grote en gedugte El, wat die Verbond en die Medelye hou vir die wat Hom liefhet en Sy Gebooie onderhou,

9:5 **ons het oortree** en **verkeerd gedoen** en **besoedel gehandel** en **gerebelleer** teen U deur van U Gebooie en Regsprake af te wyk.

9:6 En ons het **nie geluister na U knegte**, die profete, wat in U Naam gespreek het tot ons konings, ons owerstes en ons vaders en tot die hele volk van die Aarde nie.

9:7 Aan U, my Meester, kom **die Geregtigheid** toe, maar aan ons beskaming van die aangesig soos dit vandag is, aan die **manne van JeHûWdah** en aan die **inwoners van Jerusalem** en aan die **hele JisraEl**, die wat naby en die wat ver is in die Aarde waarheen U hulle verdryf het, oor hulle ontrou wat hulle teen U begaan het.

9:8 My Meester, aan ons kom toe **beskaming van die aangesig**, aan ons konings, aan ons owerstes en aan ons vaders, omdat ons teen U oortree het.

9:9 By my Meester onse Elohey is **Barmhartigheid en vergewing**, al het ons teen Hom gerebelleer

9:10 en na die Stem van JaHWeH onse Elohey nie geluister om te wandel in **Sy Wette** wat Hy ons deur die diens van Sy knegte, die profete, voorgehou het nie. [Deuteronómium 28]

9:11 Maar die hele JisraEl het U Wet oortree en afgewyk deurdat hulle **nie na U Stem geluister** het nie; daarom is die vloek en die eed oor ons uitgestort wat geskrywe is in die Wet van Moshè, die kneg van die Elohim, want ons het teen Hom oortree. [Levítikus 26]

9:12 En Hy het Sy Woorde in vervulling laat gaan wat Hy oor ons gespreek het en oor ons rigters wat ons bestuur het, deur **groot besoedeling** oor ons te bring wat onder die ganse Hemele nie gebeur het soos in Jerusalem nie;

9:13 soos in die Wet van Moshè geskrywe is - al hierdie besoedeling het oor ons gekom, en ons het die Aangesig van JaHWeH onse Elohey nie om Guns gesmeek **deur ons te bekeer van ons ongeregtigheid en ag te gee op U Waarheid nie**.

9:14 Daarom was JaHWeH wakker oor die besoedeling, **om haar oor ons te bring**; want JaHWeH onse Elohey is regverdig by al Sy werke wat Hy doen, maar ons het nie na Sy Stem geluister nie.

9:16 My Meester, laat tog volgens al U Geregtigheid U Toorn en U Grimmigheid van **U Stad Jerusalem, berg van U Apartheid, afgewend word**, want om ons oortredinge en die ongeregtigheid van ons vaders is Jerusalem en U volk 'n **voorwerp van versmading** vir almal rondom ons.

9:17 Hoor dan nou, onse Elohey, na die gebed van U kneg en na sy smekinge, en **laat U Aangesig skyn oor U Apartheidsplek wat verwoes lê**; vir my Meester se onthalwe.

9:18 Neig U Oor, my Elohey, en hoor, open U Oë en aanskou **ons verwoeste plekke** en die Stad **waar U Naam oor uitgeroep is;** want nie op grond van ons geregtigheid werp ons ons smekinge voor U Aangesig neer nie, **<u>maar op grond van U grote Barmhartigheid</u>**.

9:19 My Meester, hoor! My Meester, vergeef! My Meester, merk op en doen dit, vertoef tog nie, om U ontwil, my Elohey; **want U Naam is oor U Stad en U volk uitgeroep.**

9:21 terwyl ek nog spreek in die gebed, het **die Man GabriEl** wat ek, uitgeput van vermoeienis, 'n vorige keer in die gesig gesien het, na my gekom omtrent die tyd van die aand spysbydrae.

9:23 By die begin van jou smekinge het 'n Woord uitgegaan, en ek het gekom om Hom mee te deel, want jy is 'n geliefde man; gee dan ag op die Woord en verstaan die gesig.

9:24 **Sewentig sewetalle is oor jou volk en oor jou Stad van Apartheid bepaal**, om die opstandigheid te voleindig en die oortredinge te beseël en om die maat vol te maak en om die ongeregtigheid te versoen en om **ewige Geregtigheid** aan te bring en om gesig en profeet te beseël en om wat **Apartheid van Aparthede is, te salf.**

9:25 Nou moet jy weet en verstaan: van die uitgang van die woord af om Jerusalem te herstel en op te bou tot op 'n Gesalfde Regeerder, is **sewe sewetalle**; en **twee-en-sestig sewetalle** lank sal sy herstel en opgebou word, met pleine en slote, maar in tye van benoudheid. [Exodus 12:2]

9:26 **En ná die twee-en-sestig sewetalle sal die Gesalfde afgesny word**, maar sonder iets vir Hom; en die volk van [die] regeerder wat sal kom, **sal die Stad en die Apartheid verwoes**, maar sy einde sal met 'n oorstroming wees, en tot die einde toe sal dit oorlog wees, vasbeslote verwoestings.

Dan 9:27 En Hy sal **een week lank** met baie 'n sterk Verbond sluit, **en gedurende die helfte van die week sal Hy slagdier en spysbydrae laat ophou;** en op die vleuel van gruwels sal daar 'n verwoester wees, **en wel tot aan die einde;** en wat vas besluit is, sal oor wat woes is, uitgestort word.